SPEELGROEPIES

Speelgroepies is ‘n goedkoop en eenvoudige vroeë kindontwikkelingsprojek wat maklik geïmplementeer kan word. Speelgroepies kan begin met ‘n ywerige mamma of ‘n lidmaat wat ‘n passie vir kindertjies het.

Speelgroepies volg ‘n meer informele benadering om die kinders se selfbeeld en selfvertroue te laat ontwikkel. Die fokus is op ‘n gelukkige atmosfeer sodat kindertjies toegelaat kan word om kreatief die basiese vaardighede en sosiale vaardighede te kan aanleer en sodoende gereed te raak vir hul skoolloopbaan.

Die tipiese identiteit van speelgroepies is -

- ‘n Minimum van 2 dae per week
- Die ure van die speelgroepie oorskry nie 5 ure per dag nie
- Indien daar minder as 6 kinders in ‘n groepie is, hoef die speelgroepie nie geregistreer te word nie
- Die speelgroepie se hooffunksie is om kindertjies te stimuleer en ‘n volwaardige kurriculum word nie benodig nie
- Geen gekwalifiseerde opvoeders is nodig nie, slegs ywerige lidmate met ‘n passie vir jong kindertjies
- Indien die speelgroepie uitbrei na meer as 6 kinders, moet daar aansoek gedoen word vir *registrasie* van die speelgroep.
- Speelgroepies wat geregistreer is, kan kwalifiseer vir subsidie deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, indien die speelgroepie ‘n minimum van 8 dae per maand funksioneer.